Publication: Beeld (Pretoria)
Date: Monday, June 21, 2021
Page: 4

# ‘Skors twee van museum dadelik’

**Jana Breytenbach**

Die DA in die Wes-Kaap het gevra dat die twee amptenare van die Robbeneiland-museum wat na bewering by ’n onreëlmatige infrastruktuurkontrak betrokke was, geskors word.

Ná ’n onlangse besoek aan die eiland het dit aan die lig gekom dat R30 miljoen vermoedelik wanbestee is, het Denis Joseph, DA-LP, gister gesê.

Die departement van openbare werke en infrastruktuur is verantwoordelik vir die instandhouding van infrastruktuur op die eiland, maar toestemming is aan die museum gegee om ’n diensverskaffer aan te stel wat nie meer as R500 000 mag kos nie.

“ ’n Private firma is aangestel om die onreëlmatighede te ondersoek, maar die twee amptenare is nie geskors nie. Hulle moet onmiddellik geskors word hangende die uitslag van die ondersoek,” sê Joseph.

Volgens hom het die museum ’n drastiese verlies aan inkomste sedert die begin van die pandemie ervaar. Besoekers het met 322 000 tot 18 000 afgeneem.

Die departement van sport, kuns en kultuur het R80 miljoen na die museum oorgeplaas vir die 2021-’22-boekjaar en R89 miljoen vir die 2023-’24-boekjaar.

“Nou moet die museum hierdie geld behoorlik bestuur om te verseker dat al sy verpligtinge nagekom word,” sê Joseph.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.